GEVAAR van MISLEIDING

Die oopdeur na hoogmoed

PREEKNOTA

Datum: 29/01/2025

WAT IS HOOGMOED?

C S LEWIS HET GESÊ: "'N HOOGMOEDIGE MAN / VROU KYK ALTYD NEER OP DINGE EN MENSE; EN WANNEER JY NATUURLIK AFKYK, KAN JY NIE IETS SIEN WAT BO JOU IS NIE."

JESAJA 14:13 (DB) – [13]IN JOU GEDAGTES HET JY MOS VIR JOUSELF GESÊ: "EK GAAN UITSTYG BOKANT GOD SE STERRE. EK GAAN MY TROON IN DIE HOOGSTE HOOGTES MAAK. DAAR VÊR IN DIE NOORDE OP DIE HOË BERGE WAAR DIE GODE MEKAAR ONTMOET, DIT IS WAAR EK GAAN BLY EN SOOS 'N KONING OP MY TROON SIT EN DIE WÊRELD BEKYK." DIE VOORBEELD VAN SAUL.

2 SAMUEL 1:19 EN 21 (DB) – [19]ISRAEL OP JOU BERGE LÊ JOU BESTE MANNE DOOD! DIE HELDE HET GEVAL. … [21]GILGOABERG, JOU VERVLOEKTE PLEK! EK WENS DIT DOU NOOIT OP JOU NIE, EK HOOP DIT REËN NOOIT OP JOU WEiVELD NIE. OP JOU LÊ DAAR 'N HELD SE SKILD IN DIE GROND GETRAP. DIS SAUL SE SKILD VOL BLOED. NIEMAND SAL DIT OOIT WEER BY DIE HUIS MET OLIE SMEER NIE.
LEUENS EN OORDRYWING.

1 SAMUEL 13:3-4 (DB) – [3]JONATAN HET DIE WAGTE VAN DIE FILISTYNE IN GIBEA AANGEVAL. DIE FILISTYNE HET OOK GEHOOR DAT SAUL AL DIE HEBREEUSE HUURSOLDATE IN DIE LAND OPGEROEP HET. [4]DIE BOODSKAP WAT BY AL DIE ISRAELIETE UITGEKOM HET, WAS: "SAUL HET DIE WAGTE VAN DIE FILISTYNE AANGEVAL EN DIE FILISTYNE IS NOU BAIE KWAAD VIR DIE ISRAELIETE." DIE GEWONE BURGERS IS TOE OOK OPGEROEP OM BY SAUL IN GILGAL AAN TE SLUIT.

ONGEDULD EN ARROGANSIE.

1 SAMUEL 13:8-9 (DB) – [8]SAUL HET SEWE DAE GEWAG SOOS SAMUEL MET HOM AFGESPREEK HET. MAAR TOE SAMUEL NIE OPDAAG NIE, HET DIE MEESTE MENSE VAN SAUL AF BEGIN WEGLOOP. [9]DAAROM HET HY GESÊ: "BRING VIR MY DIE BRANDOFFER EN DIE OFFER VIR DIE HEILIGE ETE." HY HET DIE BRANDOFFERDIER GEOFFER EN NET TOE HY DIT KLAAR GEDOEN HET KOM SAMUEL DAAR AAN. SAUL HET UITGEGAAN OM SAMUEL TE GROET.

LAE AGTING VIR GOD SE WOORD.

1 SAMUEL 15:3 (DB) – [3]"SAUL, JY MOET NOU MET DIE AMALEKIETE GAAN OORLOG MAAK. ROEI HULLE ALMAL UIT. MOENIE JAMMER WEES VIR HULLE NIE. MAAK HULLE EN AL HULLE DIERE DOOD: MANS EN VROUE, DIE KINDERS EN BABATJIES, DIE BEESTE EN DIE SKAPE, DIE KAMELE EN DIE DONKIES."

1 SAMUEL 15:9 (DB) – [9]SAUL EN SY MENSE HET NIE VIR AGAG DOODGEMAAK NIE HULLE HET OOK NIE DIE BESTE SKAPE, BOKKE EN BEESTE DOODGEMAAK NIE; OOK NIE DIE TWEEDE BESTE DIERE EN DIE JONG RAMME NIE. HULLE WOU NIE DIE MOOI DIERE DOODMAAK NIE, MAAR DIE DIERE WAT NIKSWERD WAS NIE, DIE GOED WAT NIEMAND WOU HÊ NIE, DIE HET HULLE DOODGEMAAK.

PAK DIE SKULD OP IEMAND ANDERS.

1 SAMUEL 15:20-21 (DB) – [20]"MAAR EK HET NA DIE HERE GELUISTER" SÊ SAUL VIR SAMUEL. "EK HET GAAN DOEN WAT DIE HERE GESÊ HET EK MOET DOEN. EK HET AGAG, DIE KONING VAN DIE AMALEKIETE, SAAMGEBRING, MAAR EK HET AL DIE ANDER AMALEKIETE DOODGEMAAK. [21]DIE MANNE HET DIE BESTE SKAPE EN BEESTE WAT ONS VIR DIE HERE MOES DOODMAAK, GEVAT OM HIER IN GILGAL VIR DIE HERE JOU GOD TE KOM OFFER."

GENESIS 3:12 (DB) – [12]DIE MENS SÊ TOE: "DIT IS ALLES DIE VROU SE SKULD. DIE EINSTE VROU WAT U MY GEGEE HET, HET MY VAN DIE BOOM SE VRUGTE GEGEE. EN EK HET DIT GEËET."
OFFERANDE IN PLAAS VAN GEHOORSAAMHEID.

1 SAMUEL 15:22 (DB) – [22]TOE SÊ SAMUEL: "HOU DIE HERE MEER VAN ALLERHANDE OFFERS AS VAN GEHOORSAAMHEID? NEE OM GEHOORSAAM TE WEES IS BETER AS OM OFFERDIERE TE SLAG, EN OM TE LUISTER IS BETER AS OM DIE VET VAN RAMME TE VERBRAND."

ONDERSOEK JOUSELF VIR HOOGMOED.

PERSOONLIKE VERMOËNS.

1 KORINTIËRS 1:26-27 (DB) – [26]MY LIEWE VRIENDE, DINK 'N BIETJIE MOOI NA OOR WIE JULLE REGTIG WAS VOOR GOD JULLE UITGENOOI HET. VOLGENS MENSE WAS DIE MEESTE VAN JULLE MAAR DOMMERIG EN EENVOUDIG. JULLE WAS MAAR GEWONE WERKERS SONDER ENIGE INVLOED WAT UIT DIE SWAKKER DEEL VAN DIE DORP GEKOM HET. MAAR GOD WERK ANDERS. GOD HET JUIS ONBELANGRIKE MENSE AAN WIE NIEMAND HULLE STEUR NIE GEKIES OM DIE BETERWETERIGE MENSE WAT DINK HULLE IS BELANGRIK, SKAAM TE MAAK. GOD SE KEUSE HET GEVAL OP MENSE OP WIE ALMAL TRAP OMDAT HULLE SOSIAAL NIE VIR DIE MENSE IETS KAN BETEKEN NIE. MENSE WAT DINK HULLE IS DIE ROOM VAN DIE SAMELEWING SAL SKAAM EN VERLEË VOOR HIERDIE ARME ONBELANGRIKE MENSE MOET KOM STAAN. [27]GOD HET DIE MAATSTAWWE VAN DIE WÊRELD TOTAAL OMGEKEER. WAT VOLGENS MENSE SWAK IS, HET GOD BESLUIT OM STERK TE MAAK.

IS DIT VANOGGEND JOU BEGEERTE OM IN GOD SE OË BELANGRIK TE WEES?

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Montevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655